

**Skriflesing:** Mark 8:11-33

**Tema:** Om reg te sien

Op skool was ek bysiende, maar ek het dit nie geweet nie. Ek het gedink die letters en syfers lyk maar vir almal so dof op die bord. Dit is eers nadat my oë getoets is en ek 'n bril gekry het, dat ek beseft het hoe dinge behoort te lyk.

Baiekeer sien ons ook nie lekker in geloof nie en ons dink dat almal so sien. Die vraag is of ons Christus reg sien? In ons Skrifgedeelte is verskillende mense wat Christus verskillend sien.

### **Die Fariseer wil Hom nie sien vir wie Hy is nie.**

Die Fariseers het van Jesus se wonderwerke beleef. Hulle het egter altyd hul eie verklaring daarvoor gehad. Hulle het dit aan geluk, toeval of bese magte toegeskryf.

Nou vra die Fariseers vir 'n Goddelike wonderteken uit die hemel. Om te bewys dat Jesus is wie Hy sê Hy is en dat sy daad eg is soek hulle 'n teken wat van God af kom.

Jesus sug, want Hy ken hulle verborge motiewe. Hulle het klaar besluit om Hom nie te sien vir wie Hy is nie. Hulle gaan nie in Hom glo nie. Hulle het hul rug op Hom gedraai. Hulle wil Hom ontmasker en verneder. Hulle soek net rede om Hom dood te maak.

Jesus waarsku die dissipels teen die suurdeeg van die Fariseers en Herodus. 'n Klein bietjie suurdeeg wat 'n hele brood laat rys kan positief wees (Matt 13:33; Luk 13:21), maar is ook soms as negatief beskou. (1 Kor 5:6-7; Gal 5:7-10)

In Joodse kringe is suurdeeg gewoonlik in 'n negatiewe lig gesien. Hulle het gemeen dat die werking van suurdeeg 'n soort van verrottingsproses aan die gang sit. Oor Paasfees is suurdeeg uit huise verwyder en ongesuurde brode gebak soos tydens hulle verlossing uit Egipte.

Die ongeloof en bese ingestelheid van die Fariseers en Herodus het soos suurdeeg die hele gemeenskap besoedel en teen Jesus opgeswee om Hom dood te maak.

Daar is vandag steeds mense wat Jesus nie wil sien vir wie Hy is nie. Hulle sien die leë kruis, maar maak dit af as ouvrou stories. Hulle moedig mekaar aan om hul rug op die Here te draai.

### **Die dissipels vergeet wat hulle gesien het.**

Die dissipels vergeet om brood saam te vat op skuit en is bekommerd daaroor. As Jesus met hul praat oor die suurdeeg van die Fariseers en Herodus, dink hulle dat Hy met hulle oor die brood praat.

Daarom dat Jesus vir hulle vra of hulle dan nie begrip het of verstaan nie. Ons lees in Mark 8:17: "Julle wat oë het, sien julle dan nie? Julle wat ore het, hoor julle dan nie?"

Hy herriner hulle aan die twee maal wat Hy die brood vermeerder het. Eenmaal het hy met 5 brode en 2 vissies vir 'n skare waaronder 5000 manne was, kos gegee en 12 mandjies het oorgebly. Daarna het Hy met 7 brode en 'n paar vissies vir 4000 mense kos gegee en 7 mandjies het oorgebly. Verstaan julle dan nog nie dat brood vir Jesus geen probleem is nie? Hoe is dit moontlik dat hulle soveel van Jesus se wonders sien en steeds nie weet wie Hy is nie?

Ook ons sukkel ook soms hiermee. Om, soos die dissipels, naby Jesus te wees beteken nie dat geloof maklik is nie.

Hy is die een wat onmoontlike moontlik maak, maar glo ek en jy dit? Met die situasie in land met miljoene arm, werklose en honger mense, ons eie kritieke watersituasie, misdaad en geweld om maar 'n paar voorbeelde te noem, is dit nie elke dag so maklik om te glo dat Hy in beheer is nie. Dit is so maklik om te vergeet dit wat ons reeds gesien het wat Hy kan doen.

### **Petrus sien die Jesus wat hy wil sien.**

In Sesarea-Filippi, die stad met die baie afgode, vra Jesus: "Wie is ek?"

Die mense verstaan nog nie mooi wie Jesus is nie. Sommige dink Hy is Johannes die Doper, ander dink Hy is Elia of dalk is Hy een van die profete.

Petrus se antwoord is reg: "U is die Christus." Dit is eintlik 'n baie groot belydenis, want tot hier was dit net mense wat onrein geeste in hul gehad het wat besef het dat Jesus die Christus, die gesalfde van God, is.

Jesus praat net hierna van sy lyding, verwerping, dood en opstanding. Petrus neem Hom opsy en berispe Hom. En dan sê Jesus vir hom hierdie harde woorde: "Moenie in my pad staan nie Satan, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat mense wil hê."

Jesus sê eintlik vir Petrus dat hy Hom nie reg sien nie. Hy is nie die een wat die mense wil hê Hy moet wees nie. Hy is nie die triomfanklike Christus nie, Hy is die lydende Christus.

Hy is nie 'n politieke koning wat die Jode van Romeinse oorheersing kom bevry nie. Hulle gaan nie op aarde vanuit 'n ruim en weelderige paleis saam met Hom regeer nie. Hulle moet Hom ook nie in liefde probeer beskerm of verhinder om sy lydenspad te loop nie.

Hy het kom ly, sterf en sal opstaan om ons van ons sonde te bevry. Hy het die geestelike koninkryk van die hemel kom vestig wat totaal anders as aardse koninkryke sal funksioneer.

Van ons sien Jesus vandag steeds as die triomfanklike wonderwerker. Hy is die een wat in my behoeftes moet voorsien. Hy moet sorg dat ek genoeg het om te eet en drink, dat my gesondheid goed is, ek 'n huis, kar, werk en 'n lang lewe op aarde het. Doen Hy dit nie, sukkel ek om in Hom te glo. Maar dit is nie waarvoor Hy aarde toe gekom het nie. Hy het gekom as Verlosser oor ons sonde en dood. Dit is die goeie nuus wat Hy gebring het.

Dit is goed om te weet wat ander mense van Jesus sê, maar jy, hoe sien jy vir Jesus?

### **Jesus kom herstel ons sig sodat ons Hom reg kan sien.**

Hy herstel die blinde man se sig in twee stappe. Eers sien die blinde man gedeeltelik en dan volkome.

Die Fariseers en Herodus is soos die blinde man wat glad nie sien nie.

Hulle wat darem iets kan sien, die geestelike swaksiendes, is die dissipels, Petrus en ook maar soms ek en jy.

**Jesus herstel ons geloofsoë om Hom te sien soos Hy is.**

Ek het begin met my verhaal dat ek swak gesien het en gedink het dat dit normaal is.

Hoe sien jy vir Christus? Dit is eers wanneer Christus ons oë aanraak dat ons Hom werklik kan sien en ons Homwerklik in lewensorgawe sal dien vir wie Hy is.

Hy is Christus, die gesalfde van God. Hy het gekom om in ons plek te ly en te sterf en het opgestaan om ons van sonde te verlos. Hy roep vir ons om in sy voetspore te volg.  
Amen